INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

LAER INTERNETKOSTES EN VINNIGER INTERNET

Te danke aan die Universiteit se samewerking met SANREN en die implementasie van die Fortigate vuurmuur, kan kampusgebruikers nou uitsien na laer internetkostes en `n vinniger, meer stabiele internetverbinding. Beide hierdie projekte was nodig omdat die universiteit se verbruik van bandwydte elke jaar bykans verdubbel het vir die afgelope 8 jaar. Ten spyte van hierdie drastiese toename, is internetkostes nooit verhoog nie.

TARIEWE VIR INTERNETGEBRUIK VANAF 1 JANUARIE 2013

Tarief A @R0.02/MB: Maandag-Vrydag: 08h00-23h59

Tarief B @ R0.01/MB : Maandag-Vrydag: 00h00-07h59, sowel as Saterdae en Sondae

Neem kennis dat die relevante tariewe word bepaal deur die dag en tyd wanneer die afgelaaide data proses voltooi is.

•Voorbeeld 1: As jy Maandag 16:55 `n leêr begin aflaai van 3 MB en die proses is voltooi teen 17:10, sal die tarief vir Maandag 17:10 van toepassing wees.

•Voorbeeld 2: Indien dieselfde leêr afgelaai word vanaf Maandag 07:55 tot 08:10, sal die tarief vir Maandag 08:10 toegepas word.

Posted in:Konnektiwiteit,Internet | Tagged:Internet,SANReN | With 1 comments